# Ons gee God se Hoop en liefde aan

# Diensnuus 22 Maart 2026





**09:30 Erediens/Doop / Kategese**
**09:00 Botrivier Erediens**
**09:00 Solitaire Erediens – Ds. Awie Brand**

## 01 ALGEMENE INLIGTING:

**Woord & Gebedsbediening:**

***Gebedskamer:*** Ons nooi jou uit om saam met ons te kom bid elke Donderdagoggend 05:00

*As jy 'n **daaglikse skrifgedeelte** en **gebed** wil ontvang: WhatsApp jou naam na 0834142413*

SnapScan is beskikbaar tussen banke. Dankie

https://pos.snapscan.io/qr/PXA0221

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Leoni Blom

Stoffel Niemand

Riëtte Steyn

## 03 Nuwe moontlikhede:

Ons het spasie by ons **Wes-kerkgebou** beskikbaar wat ons wil gebruik.

Veral vir **ouers** wat nie 'n plek het om te wag tussen skoolaflaai, sport en ander aktiwiteite nie.

Indien jy van hierdie fasiliteite gebruik wil maak, kontak asseblief die **kerkkantoor** vir verdere reëlings. Beskikbaar **vanaf 8 April** op kort termyn basis.

## ONS BID VIR :

Pieter Le Riche

Elsabe Barnard

Sugnet van Sittert

Erns van Wyk

*Troos:* Ons bid vir die familie van Maretha Swart wie se moeder oorlede is.

## 04 DIENSBEURT:

**22 Maart**
Wyk 17

*Baie dankie*

**29 Maart**
Vakansie





# Doop - Sakrament

Karl Barth help my om oor die doop te dink met nuwe passie. Om te onthou dat God Hom in liefde aan ons verbind – nog voor ons iets kon reg of verkeerd doen – Hy is bloot ons God.

> Karl Barth se ingesteldheid: Barth se bekende beskeie houding teenoor "waarheid" (parafrase: I hold the truth lightly) herinner ons dat die doop nie 'n mensgemaakte sekuriteit is nie, maar 'n **Godgegewe belofte** wat ons nederig en afhanklik hou.

Kom ons leef uit God se beloftes en leer weer wanneer ons die **Doopformulier** hoor:

Geliefdes in die Here Jesus Christus, vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en met ons hele hart daarop vertrou:

**Waarom ons doop**

Ons word gedoop omdat die Here God 'n verbond van genade met ons en ons kinders gesluit het. Reeds vir Abraham die vader van alle gelowiges (Gal 3:29; Rom 4:11,16), het die Here gesê: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen 17:7).

In die Ou Testament het die Here die besnydenis en pasga as tekens gegee dat die verbond geldig is. Daarna het Christus gekom en hierdie verbond in sy persoon en deur sy verlossingswerk op 'n nuwe en finale wyse bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop en die nagmaal gegee.

Die Here Jesus Christus het voor sy hemelvaart aan sy dissipels die opdrag gegee om die doop te bedien. Hy het gesê: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt 28:19,20a). So het die Here Hom verbind deur hierdie verbond om ons God te wees en ons te seën. Van ons vereis Hy dat ons Hom in dankbaarheid en gehoorsaamheid sal dien.

Mag die "waarom" van die doop ons herinner dat ons, voor ons dade, reeds in God se liefde leef. Laat dit ons roep om nederig te luister, mekaar te ondersteun en saam God se hoop en liefde in Caledon prakties te leef.

*Liefde uit Crassula-pastorie*

# Uitnodiging om saam te bid

Op 1 Maart 2026 was dit een jaar na Eenwording van ons twee gemeentes. Ons het telkens vir mekaar die vraag gestel: Hoe kan ons God beter saam dien? Dit bly 'n groot voorreg om te sien hoe ons God saam dien as Sy kinders.

Soos ons gemeente uitbrei, sien ons nuwe geleenthede raak wat areas soos: ons hulp in nood, ons geboue en ons finansies raak.

Hier kom ons roeping in – om in gebed te luister wat ons Koning beveel.Ons visie is: Om God se hoop en liefde aan te gee. Dit is ons toets aan al ons aksies.Ons as gemeente gaan saam bid oor ons roeping (hoe ons by die visie uitkom).

Waar: **Kleinsaaltjie (Dienssentrumsaal)**
Wanneer: Eerste geleentheid **Sondag 12 April, 08:45–09:20** (en daaropvolgende Sondae)

Metode:
1. Ons lees saam uit God se Woord
2. Ons eerste gesprekspunte:

- Wat sien ons raak in Caledon? (Wat gebeur in die dorp wat ons roeping raak?)
- Wat het ons reeds? (Waarmee het God ons geseën en waar/hoe kan ons tot seën wees?)
- Wat moet ons doen? (Wat vra verdere aandag en betrokkenheid?)

3. Bid saam

Almal is welkom om die geleenthede by te woon en saam te bid vir God se leiding.



# Preeknotas:22 Maart 2026
# Teks: Mark.12:41-44
# Tema: Laaste woorde van Oorgawe

Ons is in Lydenstyd – ons dink aan dit wat Jesus vir ons kom doen het.

- Lees gerus die artikel oor die Doop en sien waar God na ons toe kom.
- Dink oor wat jou doop vir jou beteken.

Joh.3:16 sê: *God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê"*

Wat beteken dit vir jou dat Jesus jou kom opsoek het – na jou gestuur is?

Markus 12 help ons sien hoe ons na Jesus kom. In die gedeelte kom al die gesprekke en redenasies tot 'n end – Jesus gaan sit oorkant die offergawekis en kyk.

- Wat sou Christus in jou doen en late raaksien?

Dis 'n teks wat nie kompleks is nie – ons sien die weduwee met self oorgawe en teenoor haar die manne met selfverheffing, Jesus kyk na ons harte.

- Hoe kan jy jou hart ondersoek wanneer jy gee?

Hierdie is die laaste ontmoeting met mense buite die dissipelkring voor die lydensweek begin. Jesus sluit tot 'n mate Sy openbare bediening af deur ons terug te vat na ons intensies en hoe dit geleef word.

- Ons sien 'n heelhartige geloof wat totale oorgawe moontlik maak – nie bloot 'n navolging van die weduwee nie (dis nie 'n resep nie) Waar kan jy tyd by God spandeer en in jou geloof tot so 'n oorgawe kom?

## VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Marelize | Faul | 03/20 |
| Herman | Crous | 03/21 |
| Marinda | De Kock | 03/21 |
| Rosa | Lubbe | 03/21 |
| Hanri | Nettleton | 03/21 |
| Marina | Strydom | 03/22 |
| Alma | Engelbrecht | 03/23 |
| Lisa-Mari | Manning | 03/23 |
| Amalia | Van Jaarsveld | 03/23 |
| Anlea | De Waal | 03/24 |
| Jonandi | De Winnaar | 03/24 |
| Johan | Ellis | 03/24 |
| Marius | Fourie | 03/24 |
| Hanno | Wiehahn | 03/24 |
| Magda | Badenhorst | 03/25 |
| Alé | Kotzé | 03/25 |
| Piet | Rousseau | 03/25 |
| Fred | Bosman | 03/26 |
| Johan | Helm | 03/26 |
| Wilhelm | Louw | 03/26 |
| Louise | Smal | 03/26 |
| Juan | Theron | 03/26 |
| Debbie | Van Der Merwe | 03/26 |
| Adriaan | Wiehahn | 03/26 |
| Mariaan | Booysen | 03/27 |
| Susan | Delport | 03/27 |
| Carine | Lombard | 03/27 |
| Abraham | Smal | 03/27 |
| JD | Van Niekerk | 03/27 |
| Jacques | Vos | 03/27 |
| Stehan | Le Roux | 03/28 |
| Dihan | Slabbert | 03/28 |
| Hannie | Swart | 03/28 |
| Jacobus | Theunissen | 03/28 |
| Michiel | Theunissen | 03/28 |
| Daneel | Van Niekerk | 03/28 |

## Samaritaanbediening:

### Uitnodiging: Gesamentlike Plaaswerkers Erediens

*Ons nooi al ons plaaswerkers en hul families hartlik uit na 'n gesamentlike erediens.*

📅 Datum: Sondag, 12 April
📍 Plek: Caledon Wes Gebou
⏰ Tyd: 09:30

**Program:**
09:30 – Kerkdiens
Daarna – 'n Geselsie saam met almal
12:30 – 'n Ligte middagete word bedien.

Ons sien uit daarna om hierdie spesiale oggend saam met julle deur te bring.
(Ps. ons vra dat ons plaaseienaars hulp kan aanbied as hul werkers die geleentheid wil bywoon - ons bou voort op die Samaritaanbediening se goeie werk deur 2 groot gesamentlike geleentheid vir 2026 aan te bied)

Bid asseblief dat hierdie eerste samekoms van sy soort geseënd sal wees.

## MaranathaVoedsel projek:

Ons as gemeente reik weekliks uit na werklose en hawelose mense in ons gemeenskap. Bid saam vir hulle eensaamheid en ellende. Bid vir hul verlossing in Jesus Christus. Ons hou rekord van elkeen se verhaal en belowe om vir hulle te bid en te help waar moontlik.
Bv warm klere en komberse, werkverskaffing, respek, aanmoediging en kos dmv die Maranatha voedselprojek.



Bradley Plaatjies

## Wortelgat Kamp: Geloof, Vriendskap en Vet Pret Graad 4-7













## Tafelfees kunswerk



**Enige persoon wat Tafelefees kunswerk wil koop kan 'n aanbod aan Ds. Willem Lubbe stuur.**

---







**Imagine 2026**

Registrasievorms beskikbaar by die kerkkantoor.

Bredasdorp Park

28-30 Maart

Tieners 13-18 jaar.

R780 (Vervoer uitgesluit)

# Groot Lydensweek

Pak die simbole om 'n kruis en lees die verhale van Jesus se laaste week - die Groot Lydensweek. Julle kan ook vir kleiner kinders 'n kinderbybel gebruik.

## 1. Palmsondag

- 'n Palmtak of kledingstuk
  Lees oor Jesus se intog in Jerusalem in Matteus 21:1-11
  *Gesels: Waarvoor wil jy Jesus vandag loof?*

## 2. Die laaste ete

- 'n Bakkie water en seep
  Lees hoe Jesus die voete van sy dissipels was in Johannes 13:1-17
  *Gesels: Wat leer Jesus vir ons oor diensbaarheid?*
- 'n Broodjie en 'n glasie
  Lees hoe Jesus die nagmaal instel in Matteus 26:26-30

## 3. Getsemane

- 'n Olyftak of takkie
  Lees hoe Jesus bid in die tuin van Getsemane in Matteus 26:36-46
  *Maak vandag tyd om saam te bid.*

## 4. Petrus verloën Jesus

- 'n Veer
  Lees hoe Petrus 3x Jesus verloën en die haan 3x kraai in Matteus 26:69-75.

## 5. Jesus se verhoor

- 'n Stukkie tou, 'n doringtak en 'n stukkie pers lap
  Jesus word verhoor, gespot en geslaan: Matteus 27:11-31

## 6. Jesus word gekruisig

- 'n Sponsie of 'n glasie asyn, dobbelsteen, spykers en 'n geskeurde stuk lap
  Lees oor Jesus se kruisiging in Matteus 27:32-44, 50-51
  *Gesels: Hoekom moes Jesus sterf?*

## 7. Die leë graf

- 'n Klip
  Lees oor Jesus se opstanding in Matteus 27:57-66 en Matteus 28:1-10
  *Gesels: Hoekom het Jesus opgestaan uit die dood?*

## 8. Jesus verskyn aan die vroue en dissipels

- 'n Blom of 'n leë paaseier
  Lees oor Jesus se verskyning in Lukas 24.
  *Gesels: met wie kan jy hierdie storie deel?*

## 9. Jesus se verhaal verander lewens

Jesus het ook vir jou gesterf en opgestaan en Hy kies jou as dissipel (1 Korintiërs 1:18)
*Maak 'n kruis op mekaar se hande en sê die woorde: Jesus het jou lief!*